

# Vrydag 29 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:9 (1983-vertaling)

## **“Wanneer ek swak is, is ek sterk”**

Paulus gaan verder om hom teen die valse apostels te verdedig en aan die gemeente in Korinte uit te wys wat die verskil tussen spog oor jouself en roem in God is. Hy het egter rede om te roem, want hy is weggeruk verby die wolkehemel, verby die sterreheemel tot in die derde hemel, die paradys, die blyplek van God. Ja, wie sou nie daarin kon roem nie, maar juis om hom dan nederig te hou, word daar 'n doring in sy vlees gegee. Wat dit was, weet ons nie, maar dit het hom nederig gehou en sy eie swakheid uitgewys.

Dit was vir hom 'n struikelblok in sy bediening en daarom bid hy dat dit weggeneem moet word. Die Here hoor Paulus se gebed, maar neem nie hierdie doring weg nie, want in sy swakheid sien hy reeds die genade van God raak. God se genade is genoegsaam om staande te bly in sy lyding, maar ook in sy dienswerk. Hierdie doring in sy vlees sal hom ook nie vernietig nie, want God het beheer daaroor. Wanneer hy sy nietigheid besef, word hy bewus van die krag van God. Wanneer hy leeggemaak is, word hy vol van God.

As gelowiges het ons soveel om oor te roem, ons is immers uit genade gered deur Jesus Christus. Laat ons egter ons swakheid besef en nederig bly. Ja, elkeen van ons het daardie spreekwoordelike doring in die vlees wat ons kasty en waarteen ons stry. Moet ook nie dat struikelblokke, swakhede, beledigings, ontberings, vervolging of moeilikhede ter wille van Christus jou ontspoor in jou dienswerk in die koninkryk van God nie. Moet dit egter nie eiehandig in hoogmoed probeer aanpak nie, maar maak jouself leeg en weet dat jy tot alles in staat is deur Hom wat jou krag gee.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. LP van Jaarsveld (Leon) (Brakpan)*